(2) the extent to which farms, as farming units, become larger or smaller, and the economic, social and agricultural consequences of such increase or decrease in size;

(3) the prospects for young farmers of acquiring land for agricultural purposes on an economic basis, or of being absorbed in agriculture as share croppers, share workers, farm managers and farm foremen;

en om aanbevelings te doen oor hoe en waar toestande verbeter kan word en, indien raadsaam geag, hoe om dit moontlik te maak dat meer blankes plattelandse gebiede bewoon.

Die Kommissie is soos volg saamgestel:—

Voorsitter.

Dr. Francois Jacobus du Toit.

Lede.

Dr. Jan Hendrik Moolman.
Mnr. Willem Hendrik Neethling.
Dr. Cornelis Christian Nepgen.
Mnr. Jacobus Johannes van der Berg.
Mnr. Nicolaas Johan Janse van Rensburg.
Dr. Pieter Willem Vorster.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 300.] [9 Februarie 1956.

WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913.—AMPTENARE GEMAGTIG OM PERMITTE TE ONDERTEKEN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake ondervermelde amptenare kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, gemagtig het om tydelike permitte wat ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van voormelde Wet uitgereik word, te onderteken vir die tydperk teenoor hulle name vermeld:—

Distrik.	*Departement.*	*Naam.*
Vrede	Justisie.	Johannes Phillipus Kruger, met ingang van 1 Oktober 1955.
Kranskop	Justisie.	William Deale, met ingang van 1 Oktober 1955.
Brits	Justisie.	Gerhard Martin Robins Borcherds, met ingang van 1 Oktober 1955.
Beaufort-Wes	Justisie.	Charles Michael van der Riet, met ingang van 1 Oktober 1955.
Winburg	Justisie.	Daniel Roelof Jacobs met ingang van 1 Oktober 1955.
Robertson	Justisie.	Gert Hendrik Jacobus Venter, met ingang van 1 Oktober 1955
Ermelo	Justisie.	Willem Hendrik Smith, met ingang van 1 Oktober 1955.
Warrenton	Justisie.	Thomas Daniel van Staden, met ingang van 1 Oktober 1955.
Delmas	Justisie.	Nicolaas Stephanus Petrus Johannes Els, vir die tydperk 3 Oktober 1955 tot 12 November 1955.
Regsgebied van die Addisionele Magistraat, Moorreesburg	Justisie.	Corneluis Johannes Keyser, met ingang van 14 Oktober 1955.
Delmas	Justisie.	Marthinus Frederik Erasmus, met ingang van 17 Oktober 1955.
Postmasburg	Justisie.	Johannes Jacobus van der Watt, met ingang van 1 November 1955.
Pinetown	Justisie.	Brian Ernest Camp, met ingang van 1 November 1955.
Reitz	Justisie.	Johannes Jacobus Coetzee, met ingang van 1 November 1955.
Zastron	Justisie.	Jacobus Loudewicus Roelofse Swanepoel, met ingang van 1 November 1955.
Sabie te Pelgrimsrus	Justisie.	Pieter Hendrik van der Merwe, met ingang van 1 November 1955.
Estcourt	Justisie.	Rupert George Curtis Chambers, met ingang van 1 November 1955.
Warmbad	Justisie.	Samuel Rudolph Nagel, met ingang van 1 November 1955.
Rustenburg te Thabazimbi	Justisie.	William Deale, met ingang van 1 November 1955.
Volksrust	Justisie.	Matthys Percival Melville, met ingang van 1 November 1955.

and to make recommendations how and where conditions can be improved and, if deemed advisable, the manner in which the occupation of rural areas by more Europeans can be effected.

The Commission has been constituted as follows:—

Chairman.

Dr. Francois Jacobus du Toit.

Members.

Dr. Jan Hendrik Moolman.
Willem Hendrik Neethling, Esquire.
Dr. Cornelis Christian Nepgen.
Johannes Jacobus van der Berg, Esquire.
Nicolaas Johan Janse van Rensburg, Esquire.
Dr. Pieter Willem Vorster.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

✱ No. 300.] [9 February 1956.

IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—OFFICERS AUTHORISED TO SIGN PERMITS.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, authorised the undermentioned officers to sign temporary permits issuable in terms of sub-section (1) of section *twenty-five* of the Act for the periods opposite their names:—

District.	*Department.*	*Name.*
Vrede	Justice.	Johannes Phillipus Kruger, with effect from 1st October, 1955.
Kranskop	Justice.	William Deale, with effect from 1st October, 1955.
Brits	Justice.	Gerhard Martin Robins Borcherds, with effect from 1st October, 1955.
Beaufort West	Justice.	Charles Michael van der Riet, with effect from 1st October, 1955.
Winburg	Justice.	Daniel Roelof Jacobs, with effect from 1st October, 1955.
Robertson	Justice.	Gert Hendrik Jacobus Venter, with effect from 1st October, 1955.
Ermelo	Justice.	Willem Hendrik Smith, with effect from 1st October, 1955.
Warrenton	Justice.	Thomas Daniel van Staden, with effect from 1st October, 1955.
Delmas	Justice.	Nicolaas Stephanus Petrus Johannes Els, for the period 3rd October, 1955 to 12th November, 1955.
Area of Jurisdiction of the Additional Magistrate, Moorreesburg	Justice.	Corneluis Johannes Keyser, with effect from 14th October, 1955.
Delmas	Justice.	Marthinus Frederik Erasmus, with effect from 17th October, 1955
Postmasburg	Justice.	Johannes Jacobus van der Watt, with effect from 1st November, 1955.
Pinetown	Justice.	Brian Ernest Camp, with effect from 1st November, 1955.
Reitz	Justice.	Johannes Jacobus Coetzee, with effect from 1st November 1955.
Zastron	Justice.	Jacobus Loudewicus Roelofse Swanepoel, with effect from 1st November, 1955.
Sabie at Pilgrim's Rest	Justice.	Pieter Hendrik van der Merwe, with effect from 1st November, 1955.
Estcourt	Justice.	Rupert George Curtis Chambers, with effect from 1st November, 1955.
Warm Baths	Justice.	Samuel Rudolph Nagel, with effect from 1st November, 1955.
Rustenburg at Thabazimbi	Justice.	William Deale, with effect from 1st November, 1955.
Volksrust	Justice.	Matthys Percival Melville, with effect from 1st November, 1955.

Distrik.	*Departement.*	*Naam.*
Frankfort.....	Justisie..	Francis John Richards, met ingang van 1 November 1955.
Bergville.....	Justisie..	Siebert Thomas Lubbe, met ingang van 1 November 1955.
Trompsburg.....	Justisie..	William Thomas Craven, met ingang van 1 Desember 1955.
Caledon te Hermanus	Justisie....	Nicolas Smit, met ingang van 1 Desember 1955.
Upington.....	Justisie..	Marius Salvator Vermaak, met ingang van 1 Desember 1955.
Humansdorp.....	Justisie..	Gerrit Johannes Strydom, met ingang van 1 Desember 1955.
Jacobsdal.....	Justisie..	Bani Johannes Schmidt, met ingang van 1 Desember 1955.
Newcastle te Dannhauser	Justisie..	Gert Mathys Nel Olivier, met ingang van 1 Desember 1955.
Kranskop.....	Justisie..	Gilford Whithall Leach, met ingang van 1 Desember 1955.
Rustenburg te Swartruggens	Justisie..	Lourens Marthinus Kotze, met ingang van 1 Desember 1955.
Zeerust.....	Justisie..	Gert Johannes Botha, met ingang van 12 Desember 1955.
Kimberley.....	Naturelle-sake	Leslie Voltelin van der Byl Lambley, met ingang van 20 September 1955.
Pietersburg.....	Naturelle-sake	James Spalding Lindsay Bremner, met ingang van 1 Oktober 1955.
Kimberley.....	Naturelle-sake	Andries Jacobus Christiaan Grobbelaar, vir die tydperk 3 Oktober 1955 tot 8 Oktober 1955.
Hlabisa.....	Naturelle-sake	Wrench Johannes de Villiers, met die tydperk 11 Oktober 1955 tot 30 November 1955.
Regsgebied van die Naturellekommissaris, Pretoria	Naturelle-sake	Jack Oakeshott Cornell, met ingang van 1 November 1955.
Mahlabatini.....	Naturelle-sake	James Chatterton, met ingang van 1 November 1955.
Wyk Welkom, Distrik Piet Retief	Naturelle-sake	Ignatius Terblanche, met ingang van 15 November 1955.
Kaapstad, Wynberg, Bellville en Simonstad	Naturelle-sake	Ivan Gerald Bedford, met ingang van 16 November 1955.
Randfontein.....	Naturelle-sake	Wrench Johannes de Villiers, met ingang van 1 Desember 1955.
Breyten.....	Naturelle-sake	Ferdinand Schreck, vir die tydperk 9 Desember 1955 tot 23 Januarie 1956.

✱ No. 301.] [10 Februarie 1956.

AANSOEK OM REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—SUID-AFRIKAANSE MILITÊRE KOLLEGE.

Hierby word ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Kwartiermeester-generaal, Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, Voortrekkerhoogte, aansoek gedoen het om die registrasie van die vereniging se uniform. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Uniform.

A. *Das van Suid-Afrikaanse Militêre Kollege.*—Op 'n dowwe kerskleurige agtergrond en met tussenruimtes van 1⅝ duim, 'n reeks diagonale blou en wit strepe, onderskeidelik ¼ duim en ⅛ duim breed.

B. *Stafdiensdas van Suid-Afrikaanse Militêre Kollege.*—Op 'n blou agtergrond en met tussenruimtes van 1⅝ duim, 'n reeks diagonale dowwe kerskleurige en wit strepe, onderskeidelik ¼ duim en ⅛ duim breed.

District.	*Department.*	*Name.*
Frankfort.....	Justice...	Francis John Richards, with effect from 1st November, 1955.
Bergville.....	Justice...	Siebert Thomas Lubbe, with effect from 1st November, 1955.
Trompsburg.....	Justice...	William Thomas Craven, with effect from 1st December, 1955.
Caledon at Hermanus	Justice...	Nicolas Smit, with effect from 1st December, 1955.
Upington.....	Justice...	Marius Salvator Vermaak, with effect from 1st December, 1955.
Humansdorp.....	Justice...	Gerrit Johannes Strydom, with effect from 1st December, 1955.
Jacobsdal.....	Justice...	Bani Johannes Schmidt, with effect from 1st December, 1955.
Newcastle at Dannhauser	Justice...	Gert Mathys Nel Olivier, with effect from 1st December, 1955.
Kranskop.....	Justice...	Gilford Whithall Leach, with effect from 1st December, 1955.
Rustenburg at Swartruggens	Justice...	Lourens Marthinus Kotze, with effect from 1st December, 1955.
Zeerust.....	Justice...	Gert Johannes Botha, with effect from 12th December, 1955.
Kimberley.....	Native Affairs	Leslie Voltelin van der Byl Lambley, with effect from 20th September, 1955.
Pietersburg.....	Native Affairs	James Spalding Lindsay Bremner, with effect from 1st October, 1955.
Kimberley.....	Native Affairs	Andries Jacobus Christiaan Grobbelaar, for the period 3rd October, 1955 to 8th October, 1955.
Hlabisa.....	Native Affairs	Wrench Johannes de Villiers, for the period 11th October, 1955 to 30th November, 1955.
Area of Jurisdiction of the Native Commissioner, Pretoria	Native Affairs	Jack Oakeshott Cornell, with effect from 1st November, 1955.
Mahlabatini.....	Native Affairs	James Chatterton, with effect from 1st November, 1955.
Ward Welkom, Piet Retief District	Native Affairs	Ignatius Terblanche, with effect from 15th November, 1955.
Cape Town, Wynberg, Bellville and Simonstown	Native Affairs	Ivan Gerald Bedford, with effect from 16th November, 1955.
Randfontein.....	Native Affairs	Wrench Johannes de Villiers, with effect from 1st December, 1955.
Breyten.....	Native Affairs	Ferdinand Schreck, for the period 9th December, 1955 to 23rd January, 1956.

✱ No. 301.] [10 February 1956.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—SOUTH AFRICAN MILITARY COLLEGE.

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Quartermaster-General, South African Military College, Voortrekkerhoogte, has applied for the registration of the uniform of the association. Any person affected or likely to be affected and who desires to raise objections to the application, may do so within three months of the date of publication of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Uniform.

A. *South African Military College Tie.*—On a dull cherry background and at intervals of 1⅝ inch, a series of diagonal blue and white stripes, respectively ¼ inch and ⅛ inch in width.

B. *South African Military College Staff Duties Tie.*—On a blue background and at intervals of 1⅝ inch, a series of diagonal dull cherry and white stripes, respectively ¼ inch and ⅛ inch in width.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✻ No. 287.] [24 Februarie 1956.

AANSTELLINGS MET OFFISIERSRANG BY DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-twintig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, die ondergenoemdes met offisiersrang by die Unieverdedigingsmag aan te stel met ingang van die vermelde datums. Die name van die mag en eenheid waarby hulle ingedeel is, verskyn bo hulle name:—

AKTIEWE BURGERMAG.

Suid-Afrikaanse Vloot.

Luitenant-kommandeur (*E*) (op proef).—Donald McGregor Clark, voorheen waarnemende luitenant-kommandeur, Royal Navy Volunteer Reserve, 9 Desember 1955.

Imperial Light Horse.

Tweede luitenant (in volgorde van ansiënniteit).—Kavalleriste Jeremy Ross Thomson en Colin John Edwards, 29 Oktober 1955.

Regiment Gideon Scheepers.

Kwartiermeester, met die rang van luitenant.—Adjudant-offisier, klas II, Nicolaas Jacobus Linström, 3 Desember 1955.

Tweede luitenant.—Korporaal Louis Botha, 3 Desember 1955.

Algemene Lys (*Afdeling Kadette*).

Tweede luitenant (in alfabetiese volgorde).—Arie Blacquiere, B.A., 10 Julie 1954; Gerard Jacobus Combrink, B.A. (Hons.), en Arnold Reggie Redmead, 16 Julie 1955; Daniel Johannes Slabbert, 10 Julie 1954; Christiaan Frederick van der Westhuizen, B.Comm., Arrie Willem van Wyk, George Philippus van Wyk en John Nicolas Benjamin Weepener, 16 Julie 1955.

57 *Kommissariaat-en-transportkompanie, A.D.K.*

Tweede luitenant (in volgorde van ansiënniteit).—Sersante Cornelius Johannes Steyn, Johannes Jacobus Rabie en William George Ronquest, 27 September 1955.

4 *Veldambulans, S.A.G.D.*

Kaptein.—Daniel Johannes Jacobus Bezuidenhout, M.B., Ch.B., M.D., 22 November 1955.

Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens.

Luitenant.—Jesaaias Alexander de Kock, M.B., Ch.B., 25 November 1955.

RESERWE VAN OFFISIERE.

Suid-Afrikaanse Lugmag se Spesiale Reserwe van Vlieg-Offisiere.

Tweede luitenant.—Waarnemende lugsersant Hendrik Gideon Dippenaar, 1 November 1955.

[A.G. (1) 372/2/358.]

✻ No. 308.] [24 Februarie 1956.

BEDANKING VAN OFFISIERE UIT DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG.

Ondergenoemde offisiere van die Unieverdedigingsmag het hulle ontslag geneem kragtens artikel *vyf-en-dertig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, met ingang van die vermelde datums:—

SUID-AFRIKAANSE STAANDE MAG.

SUID-AFRIKAANSE LEËR.

Tak Algemene Diens.

Luitenant Alexander Henry Gordon Munro, 5 November 1955.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✻ No. 287.] [24 February 1956.

APPOINTMENTS TO COMMISSIONED RANK IN THE UNION DEFENCE FORCES.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under sub-section (5) of section *twenty-eight* of the South Africa Defence Act, 1912, to appoint to commissioned rank in the Union Defence Forces, with effect from the dates stated, the persons named hereunder, who are posted to the Force and Unit as indicated above their respective names:—

ACTIVE CITIZEN FORCE.

South African Navy.

As Lieutenant Commander (*E*) (on probation).—Donald McGregor Clark, late Acting Lieutenant Commander, Royal Naval Volunteer Reserve, 9th December, 1955.

Imperial Light Horse.

As Second Lieutenants (in order of seniority).—Troopers Jeremy Ross Thomson and Colin John Edwards, 29th October, 1955.

Regiment Gideon Scheepers.

As Quartermaster, with rank of Lieutenant.—Warrant Officer, Class II, Nicholaas Jacobus Linström, 3rd December, 1955.

As Second Lieutenant.—Corporal Louis Botha, 3rd December, 1955.

General List (*Cadet Section*).

As Second Lieutenants (in alphabetical order).—Arie Blacquiere, B.A., 10th July, 1954; Gerard Jacobus Combrink, B.A. (Hons.), and Arnold Reggie Redmead, 16th July, 1955; Daniel Johannes Slabbert, 10th July, 1954; Christiaan Frederick van der Westhuizen, B.Comm., Arrie Willem van Wyk, George Philippus van Wyk and John Nicolas Benjamin Weepener, 16th July, 1955.

57 *Supply and Transport Company, A.S.C.*

As Second Lieutenants (in order of seniority).—Sergeants Cornelius Johannes Steyn, Johannes Jacobus Rabie and William George Ronquest, 27th September, 1955.

4 *Field Ambulance, S.A.M.C.*

As Captain.—Daniel Johannes Jacobus Bezuidenhout, M.B., Ch.B., M.D., 22nd November, 1955.

South African Medical Corps.

As Lieutenant.—Jesaaias Alexander de Kock, M.B., Ch.B., 25th November, 1955.

RESERVE OF OFFICERS.

South African Air Force Special Reserve of Flying Officers.

As Second Lieutenant.—Acting Air Sergeant Hendrik Gideon Dippenaar, 1st November, 1955.

[A.G. (1) 372/2/358.]

✻ No. 308.] [24 February 1956.

RESIGNATION OF COMMISSIONS IN THE UNION DEFENCE FORCES.

The following officers of the Union Defence Forces have resigned their commissions in terms of section *thirty-five* of the South Africa Defence Act, 1912, with effect from the dates stated:—

SOUTH AFRICAN PERMANENT FORCE.

SOUTH AFRICAN ARMY.

General Duties Branch.

Lieutenant Alexander Henry Gordon Munro, 5th November, 1955.

AKTIEWE BURGERMAG.

1 *Tenkafweerregiment (Pretoria Highlanders), S.A.A.*

Luitenant Alesdair St. Clair Macmahon, 26 Mei 1955.

Suid-Afrikaanse Vloot.

Waarnemende onderluitenant (op proef) Desmond Graham Bradshaw, 1 Desember 1955.

Regiment Christiaan Beyers.

Tweede luitenant James Edward Vorster, 1 November 1955.

Algemene Lys.

Tweede luitenant Willem Marthinus van Oudtshoorn, 1 Desember 1955.

Algemene Lys (Afdeling Kadette).

Luitenant Jacob Sagel, 20 Oktober 1955.

Tweede luitenant Petrus Carel Nienaber, 1 Februarie 1955.

6 *Divisievoorraadveldpark, A.D.K.*

Majoor Charles Lawrence Buckley, 12 Desember 1955.

RESERWE VAN OFFISIERE.

Geneeskundige Diens (Afdeling I).

Kaptein William Oliver Harrison, 18 Oktober 1955.

Oorlogsreserwe, Suid-Afrikaanse Vloot.

Luitenant John Arthur George Mills, 19 November 1955. [A.G. (1) 372/1A/60.]

✻ No. 309.] [24 Februarie 1956.

ERE-AANSTELLINGS BY DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om ondergenoemde ere-aanstelling in die Unieverdedigingsmag goed te keur:—

Sy Edele Advokaat Stephanus Petrus le Roux, as ere-kolonel van die Regiment Suidwestelike Distrikte, Aktiewe Burgermag, met ingang van 16 Januarie 1956. (A.G. 37/158.)

✻ No. 316.] [24 Februarie 1956.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE TOEKENNING VAN DIE UNIE-MEDALJE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, ingevolge en kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by klousule 9 van die Koninklike Bevelskrif van die 26ste Januarie 1953, gelees met die Addisionele Koninklike Bevelskrif, op die 13de dag van September 1955 deur Haar Majesteit die Koningin geteken, die Regulasies vir die Toekenning van die Unie-medalje, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 5311 van 16 Julie 1954, as volg te wysig:—

(*a*) Deur regulasie 3 te skrap en dit deur die volgende nuwe regulasie te vervang:—

„3. *Toekenning van gespe.*—Die gespe kan toegeken word aan 'n lid aan wie die medalje reeds toegeken is en wat op of na 6 April 1952 minstens 30 jaar kwalifiserende diens, soos in hierdie regulasies omskryf, voltooi."

(*b*) Deur regulasie 7 te skrap en dit deur die volgende nuwe regulasie te vervang:—

„7. Die gespe by die medalje word nie toegeken aan 'n lid wat gedurende die laaste 12 jaar van sy kwalifiserende dienstydperk, soos in regulasie 3 voorgeskryf, of na die datum waarop hy vir die medalje gekwalifiseer het, enige ongunstige inskrywing hoegenaamd in sy gedragstaat aangeteken kry nie."

Wysigingsblaadjie No. 1.]

ACTIVE CITIZEN FORCE.

1 *Anti-Tank Regiment (Pretoria Highlanders), S.A.A.*

Lieutenant Alesdair St. Clair Macmahon, 26th May, 1955.

South African Navy.

Acting Sub-lieutenant (on probation) Desmond Graham Bradshaw, 1st December, 1955.

Regiment Christiaan Beyers.

Second Lieutenant James Edward Vorster, 1st November, 1955.

General List.

Second Lieutenant Willem Marthinus van Oudtshoorn, 1st December, 1955.

General List (Cadet Section).

Lieutenant Jacob Sagel, 20th October, 1955.

Second Lieutenant Petrus Carel Nienaber, 1st February, 1955.

6 *Divisional Stores Field Park, A.S.C.*

Major Charles Lawrence Buckley, 12 December, 1955.

RESERVE OF OFFICERS.

Medical Branch (Section I).

Captain William Oliver Harrison, 18th October, 1955.

War Reserve, South African Navy.

Lieutenant John Arthur George Mills, 19th November, 1955. [A.G. (1) 372/1A/60.]

✻ No. 309.] [24 February 1956.

HONORARY APPOINTMENTS IN THE UNION DEFENCE FORCES.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve the undermentioned honorary appointment in the Union Defence Forces:—

The Honourable Advocate Stephanus Petrus le Roux, as Honorary Colonel of the Regiment Suidwestelike Distrikte, Active Citizen Force, with effect from 16th January, 1956. (A.G. 37/158.)

✻ No. 316.] [24 February 1956.

AMENDMENT TO THE REGULATIONS GOVERNING THE AWARD OF THE UNION MEDAL.

His Excellency the Governor General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by clause 9 of the Royal Warrant of the 26th January, 1953, read with the Additional Royal Warrant signed by Her Majesty the Queen on the 13th day of September, 1955, to amend the Regulations Governing the Award of the Union Medal as published in *Government Gazette* No. 5311 of the 16th July, 1954, as follows:—

(*a*) By the deletion of regulation 3 and the substitution therefor of the following new regulation:—

"3. *Award of Clasp.*—The clasp to the medal may be awarded to a member who, having been awarded the medal, completes on or after the 6th April, 1952, a minimum of 30 years qualifying service as defined in these regulations."

(*b*) By the deletion of regulation 7 and the substitution therefor of the following new regulation:—

"7. The clasp to the medal shall not be awarded to a member who, during the last 12 years of his period of qualifying service as prescribed in regulation 3, or subsequent to the date on which he qualified for the award of the medal, incurs any adverse entry whatsoever on his conduct sheet."

Amendment Slip No. 1.]

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✻ No. 279.] [24 Februarie 1956.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, No. 22 VAN 1941.

ONAFGEBROKE WERK.

Ingevolge die voorbehoudsbepaling by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, No. 22 van 1941, verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, hierby dat die vervaardiging van Ferrichloried in die magistraatsdistrik Germiston, soos uitgeoefen deur Silicon Chemicals (Pty.), Ltd., Chloorkop, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

✻ No. 283.] [24 Februarie 1956.

LOONWET No. 44 VAN 1937.

KOMMERSIËLE DISTRIBUSIE- EN VERVERSINGSBEDRYF.—KLEINER DORPE.

In opdrag van die Minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Loonwet, 1937, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne ses weke na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat betrekking het op hierdie aanbeveling, is vir insae beskikbaar by alle kantore van die Departement van Arbeid en Landdroskantore binne die betrokke gebiede.

Persone wat besware indien, uitgesonderd in manuskripvorm, word versoek om sewe kopieë van hulle besware en sewe kopieë van alle bygaande dokumente te verstrek).

BYLAE.

AANBEVELING DEUR DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

KOMMERSIËLE DISTRIBUSIE- EN VERVERSINGSBEDRYWE.—KLEINER DORPE.

1. GEBIED EN BESTEK VAN VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing in die volgende gebiede, naamlik—

In die Kaapprovinsie.—Die gebied wat onder die beheer val van die stadsraad van Aliwal-Noord, Beaufort-Wes, Burgersdorp, Caledon, Ceres, Cradock, De Aar, George, Graaff-Reinet, Grahamstad, Hermanus, King William's Town, Knysna, Kokstad, Kuruman, Mafeking, Malmesbury, Middelburg, Montagu, Mosselbaai, Oudtshoorn, Paarl, Queenstown, Riversdal, Robertson, Somerset-Oos, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Swellendam, Umtata, Upington, Vryburg, Wellington en Worcester;

In Natal.—Die gebied wat onder die beheer val van die stadsraad of die dorpsbestuur, na gelang van die geval, van Dundee, Estcourt, Glencoe, Ladysmith, Newcastle en Vryheid;

In die Oranje-Vrystaat.—Die gebied wat onder die beheer val van die stadsraad of dorpsbestuur, na gelang van die geval, van Bethlehem, Ficksburg, Harrismith, Kroonstad, Ladybrand, Odendaalsrus, Parys, Senekal, Welkom en Zastron;

In Transvaal.—Die gebied wat onder die beheer val van die stadsraad, dorpsraad, gesondheidskomitee of 'n plaaslike gebiedskomitee van die gesondheidsraad vir buitestedelike gebiede, na gelang van die geval, van Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Heidelberg, Klerksdorp, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rustenburg, Standerton, Volksrust, Vanderbijlpark, Vereeniging, Waterval-Bo, Witbank en Zeerust;

DEPARTMENT OF LABOUR.

✻ No. 279.] [24 February 1956.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, No. 22 OF 1941.

CONTINUOUS WORKING.

In terms of the proviso to paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby declare the manufacture of Ferric Chloride in the Magisterial District of Germiston, as carried on by Silicon Chemicals (Pty.), Ltd., Chloorkop, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

✻ No. 283.] [24 February 1956.

WAGE ACT No. 44 OF 1937.

COMMERCIAL DISTRIBUTIVE AND CATERING TRADES.—SMALLER TOWNS.

By direction of the Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation, are hereby, in terms of paragraph (*a*) of subsection (1) of section *fifteen* of the Wage Act, 1937, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within six weeks after publication of this notice.

(NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at all offices of the Department of Labour and the Landdrost's offices within the areas concerned.

Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION BY THE WAGE BOARD TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR.

COMMERCIAL DISTRIBUTIVE AND CATERING TRADES.—SMALLER TOWNS.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply in the following areas, namely:—

In the Cape Province.—The area which falls under the control of the Municipal Council of Aliwal North, Beaufort West, Burgersdorp, Caledon, Ceres, Cradock, De Aar, George, Graaff-Reinet, Grahamstown, Hermanus, King William's Town, Knysna, Kokstad, Kuruman, Mafeking, Malmesbury, Middelburg, Montagu, Mossel Bay, Oudtshoorn, Paarl, Queenstown, Riversdale, Robertson, Somerset East, Somerset West, Stellenbosch, Strand, Swellendam, Umtata, Upington, Vryburg, Wellington and Worcester;

In Natal.—The area which falls under the control of the Municipal Council or Town Board, as the case may be, of Dundee, Estcourt, Glencoe, Ladysmith, Newcastle and Vryheid;

In the Orange Free State.—The area which falls under the control of the Municipal Council or Village Management Board, as the case may be, of Bethlehem, Ficksburg, Harrismith, Kroonstad, Ladybrand, Odendaalsrus, Parys, Senekal, Welkom and Zastron;

In the Transvaal.—The area which falls under the control of the Municipal Council, Village Council, Health Committee or a local area committee of the Peri-Urban Areas Health Board, as the case may be, of Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Heidelberg, Klerksdorp, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rustenburg, Standerton, Volksrust, Vanderbijlpark, Vereeniging, Waterval-Bo, Witbank and Zeerust;

op alle wernemers in die kommersiële distribusie- en verversingsbedrywe en op die werkgewers van sodanige werknemers; met dien verstande dat dit nie van toepassing is op die volgende klasse werknemers nie—

(*a*) bestuurders, en

(*b*) werknemers in Naturellegebiede soos omskryf in subartikel (2) van artikel *een-en-vyftig* van die Nywerheid-Versoeningswet, 1937.

2. WOORDOMSKRYWINGS.

(1) Tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, het enige uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig word en in die Loonwet, 1937, omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy dit strydig is met die verband, beteken—

(A) *Met betrekking tot die Kommersiële Distribusiebedryf.*

„versteller", 'n werknemer wat in 'n kleinhandelbedryfsinrigting enige kledingstuk as deel van die verkoop van sodanige kledingstuk van uit sodanige bedryfsinrigting verstel, heelmaak, of maak, of enige ander soort naaldwerk wat nodig kan wees by die verkoop van goedere deur sodanige inrigting, verrig;

„versteller, gekwalifiseer," 'n versteller met minstens vier jaar ondervinding;

„versteller, ongekwalifiseer," 'n versteller met minder as vier jaar ondervinding;

„apteker", 'n werknemer in 'n apteek wat kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928, as apteker en drogis geregistreer is;

„leerlingapteker", 'n werknemer in 'n apteek wat gebind is deur 'n vakleerlingskontrak ooreenkomstig die reëls geformuleer by artikel *vier-en-negentig* (2) (i) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928;

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryfwerk, tikwerk of enige ander soort klerklike werk doen, met inbegrip van 'n kassier en 'n telefonis;

„klerklike werknemer, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minstens vier jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minder as vier jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minstens vyf jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minder as vyf jaar ondervinding;

„demonstrateur-verkoper", 'n werknemer wat wys hoe masjinerie, implemente, radio's, koelkaste of ander meganiese toestelle werk, en wat sodanige masjinerie, implemente, radio's, koelkaste of ander toestelle kan verkoop;

„demonstarteur-verkoper, gekwalifiseer," 'n demonstrateur-verkoper met minstens vyf jaar ondervinding;

„demonstrateur-verkoper, ongekwalifiseer," 'n demonstrateur-verkoper met minder as vyf jaar ondervinding;

„distrik A", die gebiede Klerksdorp, Odendaalsrus, Vanderbijlpark, Vereeniging en Welkom soos omskryf in klousule 1;

„distrik B", die gebiede Kroonstad en Potchefstroom soos beskryf in klousule 1;

„distrik C", die gebiede Bethlehem, Estcourt, Grahamstad, Harrismith, Heidelberg, King William's Town, Kuruman, Ladysmith, Lichtenburg, Newcastle, Paarl, Parys, Pietersburg, Queenstown, Rustenburg, Somerset-Wes, Standerton, Stellenbosch, Strand, Upington, Volksrust, Vryburg, Wellingston, Witbank en Worcester soos beskryf in klousule 1;

„distrik D", al die ander gebiede wat nie in die omskrywings van „distrik A", „distrik B" en „distrik C" genoem is nie;

„Naturel", 'n persoon wat werklik 'n lid van enige inboorlingras of -stam van Afrika is, of algemeen as sodanig erken word;

„Naturellewinkel", enige bedryfsinrigting of deel van 'n bedryfsinrigting, waarin die kommersiële distribusiebedryf uitsluitlik of hoofsaaklik met Naturelle gevoer word;

„Naturellewinkel-bediende", 'n werknemer wat onder die toesig van 'n gekwalifiseerde manlike verkoopsklerk slegs Naturelleklante in 'n Naturellewinkel bedien;

„Naturellewinkel-bediende, gekwalifiseer," 'n Naturellewinkel-bediende met minstens twaalf maande ondervinding;

„Naturellewinkel-bediende, ongekwalifiseer," 'n Naturellewinkel-bediende met minder as twaalf maande ondervinding;

„bestellingsklerk", 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik van kantoor tot kantoor of van private huis tot private huis gaan om bestellings van persone te vra, te sollisiteer of te werf vir die verskaffing van goedere aan hulle vir hulle gebruik of verbruik, en wat daarbenewens die volgende kan doen—

(*a*) die werk van 'n verkoopsklerk verrig;

(*b*) geld namens sy bedryfsinrigting invorder;

(*c*) bestellings van ander persone neem vir die verskaffing van goedere vir hulle gebruik of verbruik bedoel;

en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing word dit beskou dat die uitdrukking „private huis" 'n woonstel, koshuis en losieshuis omvat waarvan die houer vrygestel is van die lisensie genoem in item 5 van deel 1 van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925;

to all employees in the Commercial Distributive and Catering Trades and to the employers of such employees; provided that it shall not apply to the following classes of employees, namely—

(*a*) managers, and

(*b*) employees in Native areas as defined in sub-section (2) of section *fifty-one* of the Industrial Conciliation Act, 1937.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the contrary intention appears, any expression used in this Determination which is defined in the Wage Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

(A) *In Relation to the Commercial Distributive Trade.*

"alteration hand" means an employee who in any retail establishment is engaged in altering, repairing or making any article of wearing apparel incidental to the sale of such article from such establishment or in any other form of sewing incidental to the sale of goods from such establishment;

"alteration hand, qualified," means an alteration hand who has had not less than four years' experience;

"alteration hand, unqualified," means an alteration hand who has had less than four years' experience;

"chemist" means an employee in a pharmacy who is registered as a chemist and druggist under the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;

"chemist apprentice" means an employee in a pharmacy who is bound by a contract of apprenticeship in accordance with the rules framed under section *ninety-four* (2) (i) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;

"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing or any other form of clerical work and includes a cashier and a telephone operator;

"clerical employee, female qualified," means a female clerical employee who has had not less than four years' experience;

"clerical employee, female unqualified," means a female clerical employee who has had less than four years' experience;

"clerical employee, male, qualified," means a male clerical employee who has had not less than five years' experience;

"clerical employee, male, unqualified," means a male clerical employee who has had less than five years' experience;

"demonstrator-salesman" means an employee who is engaged in demonstrating machinery, implements, radios, refrigerators or other mechanical appliances, and who may sell such machinery, implements, radios, refrigerators or other appliances;

"demonstrator-salesman, qualified," means a demonstrator-salesman who has had not less than five years' experience;

"demonstrator-salesman, unqualified," means a demonstrator-salesman who has had less than five years' experience;

"District A" means the areas of Klerksdorp, Odendaalsrus, Vanderbijlpark, Vereeniging and Welkom as described in clause 1;

"District B" means the areas of Kroonstad and Potchefstroom as described in clause 1;

"District C" means the areas of Bethlehem, Estcourt, Grahamstown, Harrismith, Heidelberg, King William's Town, Kuruman, Ladysmith, Lichtenburg, Newcastle, Paarl, Parys, Pietersburg, Queenstown, Rustenburg, Somerset West, Standerton, Stellenbosch, Strand, Upington, Volksrust, Vryburg, Wellington, Witbank and Worcester as described in clause 1;

"District D" means all the other areas not mentioned in the definitions "District A", "District B" and "District C";

"Native" means a person who in fact is or is generally accepted as a member of any aboriginal race or tribe of Africa;

"Native-store" means any establishment or portion of an establishment in which the Commercial Distributive Trade is wholly or mainly carried on for Natives;

"Native-store attendant" means an employee, who under the supervision of a qualified male sales assistant, is engaged in a Native-store in attending exclusively to Native customers;

"Native-store attendant, qualified," means a Native-store attendant who has had not less than twelve months' experience;

"Native-store attendant, unqualified," means a Native-store attendant who has had less than twelve months' experience;

"orderman" means an employee who is wholly or mainly engaged in an office-to-office or private house-to-house round, inviting, soliciting or canvassing orders from persons for the supply to them of goods for their use or consumption, and who may in addition—

(*a*) perform the duties of a sales assistant;

(*b*) collect money on behalf of his establishment;

(*c*) take orders from other persons for the supply of goods intended for their use or consumption,

and for the purpose of this definition the expression "private house" shall be deemed to include a residential flat and a boarding and lodging house, the keeper of which is exempt from the licence referred to in item 5 of Part 1 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925;

„deeltydse werknemer", 'n klerklike werknemer of 'n verkoopsklerk wat as sodanig by die week of by die maand in diens is vir hoogstens vier-en-twintig gewone werkure in enige week, plus enige bykomende tyd, maar hoogstens een uur, soos toegelaat kragtens die eerste voorbehoud van klousule 5 (1) (A);

„apteek", 'n bedryfsinrigting ten opsigte waarvan 'n aptekerslisensie vereis word ingevolge item 3 van deel 1 van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925;

„verkoopsklerk", 'n werknemer wat een of meer van onderstaande soorte werk verrig, naamlik—

(*a*) klante in 'n bedryfsinrigting bedien;
(*b*) goedere uitstal;
(*c*) voorraad bewaar en beheer;
(*d*) bestellings opmaak;

en wat toesig oor 'n Naturellewinkel-bediende kan hou, of die opmaak van goedere deur 'n stoorbediende kan beheer nasien, en omvat 'n bestellingsklerk, stoorman en kaartjieskrywer; en vir die toepassing van item (*d*) van hierdie omskrywing beteken die uitdrukking „bestellings opmaak" die byeenbring van goedere ter uitvoering van 'n klant se skriftelike of mondelinge bestelling, of van enige faktuur, lys of bestellingsvorm af;

„verkoopsklerk, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike verkoopsklerk met minstens vier jaar ondervinding;

„verkoopsklerk, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike verkoopsklerk met minder as vier jaar ondervinding;

„verkoopsklerk, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike verkoopsklerk met minstens vyf jaar ondervinding;

„verkoopsklerk, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike verkoopsklerk met minder as vyf jaar ondervinding;

„monsterjong", 'n werknemer wat 'n handelsreisiger op sy rondes vergesel en hom help om sy monsters in of uit te pak of uit te stal, en wat die motorvoertuig wat deur die handelsreisiger by die uitvoering van sy pligte gebruik word, kan bestuur;

„versorger-bestellingsnemer", 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle van sy werkgewer se klante olie, smeer, skoonmaak of stel, en wat daarbenewens—

(*a*) bestellings kan neem vir die verskaffing van sodanige implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle of bybehore of materiaal wat gebruik word in verband met die implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle;
(*b*) sodanige implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle op die klant se perseel kan heelmaak;
(*c*) geld kan invorder;

„versorger-bestellingnemer, gekwalifiseer," 'n versorger-bestellingnemer met minstens drie jaar ondervinding;

„versorger-bestellingnemer, ongekwalifiseer," 'n versorger-bestellingnemer met minder as drie jaar ondervinding;

„stoorbediende", 'n werknemer wat, onder toesig van en onderworpe aan die kontrole van 'n verkoopsklerk of stoorman, goedere byeenbring of versend, of wat goedere vir versending of aflewering verpak of afweeg, en wat pakkette kan merk of adresseer of goedere by aflewering in die bedryfsinrigting kan ontvang; en vir die toepassing van hierdie omskrywing beteken die uitdrukking „goedere byeenbring" die byeenbring van goedere ingevolge 'n skriftelike bestelling, lys of opdrag, en kan ook die gee van mondelinge bevele aan 'n algemene werker omvat om sodanige goedere te gaan haal, te dra, op te laai of op te stapel;

„stoorbediende, gekwalifiseer," 'n stoorbediende met minstens twaalf maande ondervinding;

„stoorbediende, ongekwalifiseer," 'n stoorbediende met minder as twaalf maande ondervinding;

„stoorman", 'n werknemer wat beheer het oor voorrade en verantwoordelik is vir die nagaan, ontvangs, opberging, byeenbring, verpakking of uitpak van goedere in 'n stoor, of vir die versending van goedere uit 'n stoor, of vir die aflewering van goedere uit 'n stoor aan afdelings of vir versending, en wat toesig kan hou oor die opmaak of versending van goedere deur 'n stoorbediende en dit nagaan;

„handelsreisiger", 'n werknemer wat as reisende verteenwoordiger van 'n bedryfsinrigting en namens die bedryfsinrigting, uitsluitlik of hoofsaaklik bestellings vra, werf of sollisiteer van fabrikante of gelisensieerde handelaars vir die verskaffing aan hulle van goedere wat vir gebruik in of in verband met hulle onderskeie besighede of vir herverkoop bedoel is, en wat daarbenewens bestellings van ander persone kan aanneem vir die lewering aan hulle van goedere vir hulle eie gebruik of verbruik, en ook geld kan invorder;

„handelsreisiger, gekwalifiseer," 'n handelsreisiger met minstens vier jaar ondervinding;

„handelsreisiger, ongekwalifiseer," 'n handelsreisiger met minder as vier jaar ondervinding;

„ongeregistreerde assistent", 'n werknemer in 'n apteek, uitgesonderd 'n apteker, wat enigeen van die tydperke van vakleerlingskap of diens by 'n apteker voltooi het, soos voorgeskryf in artikel sewe-en-twintig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928;

(B) *Met betrekking tot die Verversingsbedryf.*

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryfwerk, tikwerk of enige ander vorm van klerklike werk verrig en omvat ook 'n kassier en 'n telefonis;

„klerklike werknemer, gekwalifiseer," 'n klerklike werknemer met minstens twaalf maande ondervinding;

"part-time employee" means a clerical employee or a sales assistant who is employed as such by the week or month for not more than twenty-four ordinary hours of work in any week plus any additional time not exceeding one hour permitted by virtue of the first proviso to clause 5 (1) (A);

"pharmacy" means an establishment in respect of which an apothecary's licence is required in terms of item 3 of Part 1 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925;

"sales assistant" means an employee who is engaged in one or more of the following duties, namely—

(*a*) attending to customers in an establishment;
(*b*) displaying goods;
(*c*) keeping and controlling stock;
(*d*) assembling orders,

and who may supervise a Native-store attendant or supervise and check the assembling of goods by a store assistant and includes an orderman, storeman and a ticket writer; and for the purpose of item (*d*) of this definition the expression "assembling orders" means the bringing together of goods in execution of a customer's written or verbal order or from any invoice, list or order form;

"sales assistant, female, qualified," means a female sales assistant who has had not less than four years' experience;

"sales assistant, female, unqualified," means a female sales assistant who has had less than four years' experience;

"sales assistant, male, qualified," means a male sales assistant who has had not less than five years' experience;

"sales assistant, male, unqualified," means a male sales assistant who has had less than five years' experience;

"sample boy" means an employee who accompanies a traveller on his rounds and assists him in packing, unpacking or displaying his samples, and who may drive the motor vehicle used by the traveller in the performance of his duties;

"service supply salesman" means an employee who is wholly or mainly engaged in oiling, greasing, cleaning or adjusting implements, machinery, equipment or appliances of his employer's customers, and who may in addition—

(*a*) take orders for the supply of any such implements, machinery, equipment or appliances or accessories or material for use in connection with such implements, machinery, equipment or appliances;
(*b*) repair such implements, machinery, equipment or appliances on the customer's premises;
(*c*) collect money;

"service supply salesman, qualified," means a service supply salesman who has had not less than three years' experience;

"service supply salesman, unqualified," means a service supply salesman who has had less than three years' experience;

"store assistant" means an employee who, under the supervision of and subject to checking by a sales assistant or storeman, assembles or despatches goods, or who packs or weighs goods for despatch or delivery, and who may mark or address packages or receive goods on delivery to the establishment, and for the purpose of this definition the expression "assembles goods" means the bringing together of goods in accordance with a written order, list or instruction and may include the giving of verbal orders to a general worker to fetch, carry, load or stack such goods;

"store assistant, qualified," means a store assistant who has had not less than twelve months' experience;

"store assistant, unqualified," means a store assistant who has had less than twelve months' experience;

"storeman" means an employee who is in charge of stores and responsible for checking, receiving, storing, assembling, packing or unpacking goods in a store or for despatching goods from a store or for delivering goods from a store to departments or for despatch and who may supervise and check the assembling or despatch of goods by a store assistant;

"traveller" means an employee who as a travelling representative of an establishment and on behalf of such establishment is wholly or mainly engaged in inviting, canvassing or soliciting orders from manufacturers or licensed traders for the supply to them of goods intended for use in or in connection with their respective businesses or for re-sale, and who may in addition take orders from other persons for the supply to them of goods for their own use or consumption and collect money;

"traveller, qualified," means a traveller who has had not less than four years' experience;

"traveller, unqualified," means a traveller who has had less than four years' experience;

"unregistered assistant" means an employee in a pharmacy, other than a chemist, who has completed any one of the periods of apprenticeship or service with a chemist as prescribed in section *twenty-seven* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;

(B) *In Relation to the Catering Trade.*

"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing or any other form of clerical work and includes a cashier and a telephone operator;

"clerical employee, qualified," means a clerical employee who has had not less than twelve months' experience;

„klerklike werknemer, ongekwalifiseeer," 'n klerklike werknemer met minder as twaalf maande ondervinding;

„toonbankklerk", 'n werknemer wat goedere of verversings oor 'n toonbank aan klante verkoop en kontant kan ontvang; en vir die toepassing van hierdie omskrywing omvat die uitdrukking „toonbank" ook 'n sodawaterbuffet, melkbuffet en 'n versnaperingsbuffet;

„toonbankklerk, gekwalifiseer," 'n toonbankklerk met minstens twaalf maande ondervinding;

„toonbankklerk, ongekwalifiseer," 'n toonbankklerk met minder as twaalf maande ondervinding;

„roosterbediende", 'n werknemer wat braaigeregte, roosterbrood, sop of tee of ander soortgelyke dranke maak, of eiers kook of bak, of vis of ertappels bak, of melk kook of vleis vir braaigeregte opsny;

„roosterbediende, gekwalifiseer," 'n roosterbediende met minstens ses maande ondervinding;

„roosterbediende, ongekwalifiseer," 'n roosterbediende met minder as ses maande ondervinding;

„deeltydse werknemer", 'n klerklike werknemer, toonbankklerk of kelner wat as sodanig by die week of by die maand in diens is vir hoogstens vier-en-twintig gewone werkure in enige week, plus enige bykomende tyd, maar hoogstens een uur, soos toegelaat kragtens die tweede voorbehoud van klousule 5 (1) (B);

„werkure-indeling", die tydperk op enige dag van die tyd af wanneer die werknemer begin werk totdat hy vir daardie dag ophou werk;

(*f*) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling word die minimum loon wat vir 'n algemene werker in die gebiede (soos in klousule 1 beskryf) Kokstad, Louis Trichardt, Nylstroom, Piet Retief, Potgietersrus en Zeerust voorgeskryf word, vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling uitgestel; met dien verstande dat 'n werkgewer gedurende hierdie tydperk sy algemene werker, in diens in enige van die genoemde gebiede, moet besoldig teen 'n skaal van minstens die weekloon in hierdie klousule vir sodanige algemene werker voorgeskryf, min twee sjielings en ses pennies.

(2) *Kontrakbasis.*—Vir die toepassing van hierdie klousule is die basis van die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, 'n weeklikse, en behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal, moet 'n werknemer elke week minstens die volle weekloon betaal word wat in subklousule (1), gelees met subklousule (3), vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word, afgesien daarvan of hy in dié week die maksimum getal gewone werkure, wat kragtens klousule 5 op hom van toepassing is, gewerk het of nie.

(3) *Differensiële lone.*—'n Werkgewer wat 'n lid van een klas van sy werknemers verplig of toelaat om langer as een uur altesaam op enige dag die werk van 'n ander klas werknemer, benewens sy eie werk of in plaas daarvan, te verrig, waarvoor—

(*a*) 'n hoër loon as dié vir sy eie klas; of

(*b*) 'n stygende loonskaal wat op 'n hoër loon as dié vir sy eie klas eindig;

in subklousule (1) voorgeskryf is, moet sodanige werknemer ten opsigte van sodanige dag die volgende betaal—

(i) in die geval genoem in paragraaf (*a*), minstens die dagloon volgens die hoër weeklikse skaal bereken; en

(ii) in die geval geoem in paragraaf (*b*), minstens die dagloon volgens die hoogste weeklikse skaal vir die hoër klas bereken;

met dien verstande dat—

(i) hierdie subklousule nie van toepassing is nie as die verskil tussen klase ingevolge subklousule (1) gebaseer is op ouderdom, ondervinding of geslag;

(ii) wanneer 'n deeltydse drywer van 'n motorvoertuig toegelaat of verplig word om 'n motorvoertuig langer as drie uur op enige dag te dryf, hy vir daardie dag minstens die loon betaal moet word wat vir 'n drywer van 'n motorvoertuig voorgeskryf is wat in dieselfde gebied 'n motorvoertuig van dieselfde gewig sonder vrag dryf as dié wat die deeltydse drywer dryf;

(iii) tensy die teenoorgestelde uitdruklik in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer bepaal word, niks in hierdie Vasstelling so uitgelê moet word dat dit 'n werkgewer verbied om van 'n werknemer te vereis om werk van 'n ander klas te verrig vir watter klas dieselfde of 'n laer loon voorgeskryf word as wat vir daardie werknemer voorgeskryf is nie.

(4) *Berekening van lone.*—(*a*) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, moet bereken word deur sy weekloon te verdeel deur—

(i) ses in die geval van 'n werknemer wat 'n sesdaagse week werk;

(ii) sewe in die geval van 'n werknemer wat 'n sewedaagse week werk.

(*b*) Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, moet sy weekloon wees gedeel deur die getal gewone weeklikse werkure wat vir 'n werknemer van sy klas in klousule 5 voorgeskryf word.

(5) *Fietstoelae.*—'n Werkgewer wat 'n werknemer verplig of toelaat om sy eie fiets te gebruik om sy werk te verrig, moet hom die volgende betaal—

(*a*) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, minstens drie sjielings en ses pennies per week; en

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, minstens nege pennies per dag;

benewens enige besoldiging wat hom toekom.

(6) *Vervoertoelae en -koste.*—Benewens enige besoldiging verskuldig aan—

(*a*) 'n handelsreisiger of 'n versorger-bestellingnemer, wat gebruik maak van sy werkgewer se motorvervoer of van wie dit vereis word om per trein te reis of gebruik te maak van enige ander vervoermiddel as sy eie, moet sy werkgewer hom alle redelike koste vergoed wat hy in verband met sodanige vervoer ter verrigting van sy werk aangaan, en vir die toepassing van hierdie subklousule word die bêre van 'n motorvoertuig snags in 'n garage as 'n vervoeruitgawe beskou;

(*d*) *Part-time Employees.*—A part-time employee shall be paid not less than sixty per cent of the wage prescribed for an employee who in the same area and with the same experience performs the same class of work as the part-time employee is required to do.

(*e*) *Casual Employees.*—A casual employee shall be paid in respect of every day or part of a day of employment not less than one-fifth of the weekly wage (or in the case of a rising scale, one-fifth of the highest weekly wage of the scale) prescribed for an employee in the same area who performs the same class of work as the casual employee is required to do.

(*f*) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Determination, the minimum wage prescribed for a general worker in the areas (as described in clause 1) of Kokstad, Louis Trichardt, Nylstroom, Piet Retief, Potgietersrus and Zeerust shall be deferred for a period of twelve months from the date of the coming into operation of this Determination; provided that during such period an employer shall pay his general worker employed in any of the said areas at a rate of not less than the weekly wage prescribed in this clause for such general worker less two shillings and sixpence.

(2) *Basis of Contract.*—For the purpose of this clause the basis of contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be weekly, and save as provided in clause 4 (6) an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1) read with sub-clause (3) for an employee of his class and area, whether he has in that week worked the maximum ordinary hours applicable to him in terms of clause 5 or less.

(3) *Differential Wage.*—An employer, who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which either—

(*a*) a wage higher than that of his own class; or

(*b*) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class;

is prescribed in sub-clause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph (*a*), not less than the daily wage calculated on the higher weekly rate; and

(ii) in the case referred to in paragraph (*b*), not less than the daily wage calculated on the highest weekly rate for the higher class;

provided that—

(i) this sub-clause shall not apply where the difference between classes, in terms of sub-clause (1), is based on age, experience or sex;

(ii) whenever a part-time driver of a motor vehicle is required or permitted to drive a motor vehicle for more than three hours on any day he shall in respect of that day be paid not less than the wage prescribed for a driver of a motor vehicle in the same area driving a motor vehicle of the same unladen weight as the part-time driver;

(iii) unless expressly provided to the contrary in a written contract between an employer and his employee, nothing in this Determination shall be so construed as to prevent an employer from requiring an employee to perform the work of another class for which class the same or a lower wage is prescribed than that prescribed for such employee.

(4) *Calculation of Wages.*—(*a*) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by—

(i) six, in the case of an employee who works a six-day week;

(ii) seven, in the case of an employee who works a seven-day week.

(*b*) The hourly wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by the number of weekly ordinary hours of work prescribed for an employee of his class in clause 5.

(5) *Bicycle Allowance.*—An employer who requires or permits an employee to use his own bicycle in the performance of his duties shall pay him—

(*a*) in the case of an employee, other than a casual employee, not less than three shillings and sixpence per week; and

(*b*) in the case of a casual employee, not less than nine pence per day;

in addition to any remuneration due to him.

(6) *Transport Allowance and Expenses.*—In addition to any remuneration due to—

(*a*) a traveller or a service supply salesman, who uses his employer's motor transport or who is required to travel by train or any other, but his own, means of conveyance, his employer shall re-imburse him all the reasonable expenses incurred by him in connection with such transport in the performance of his duties, and for the purpose of this sub-clause the overnight garaging of motor transport shall be deemed to be a transport expense;

(*b*) 'n handelsreisiger of 'n versorger-bestellingnemer, van wie dit vereis word om motorvervoer vir die verrigting van sy werk te verskaf, moet sy werkgewer hom 'n insluitende vervoertoelae van minstens agt pennies per myl betaal vir elke myl wat ter verrigting van sy pligte afgelê word.

(7) *Onderhoudstoelae en -koste.*—Benewens enige besoldiging verskuldig aan—

(*a*) 'n handelsreisiger of 'n versorger-bestellingnemer, wat op enige reis, onderneem ter uitvoering van sy pligte, langer as 'n tydperk van ses opeenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer sy bedryfsinrigting afwesig is, moet sy werkgewer—

(i) hom alle redelike koste vergoed wat deur hom vir enige maaltye en tee vir homself aangegaan is gedurende elke sodanige afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie; of

(ii) hom 'n onderhoudstoelae van minstens twee-en-twintig sjielings en ses penies vir elke nag betaal as sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek;

(*b*) 'n monsterjong wat terwyl hy 'n handelsreisiger vergesel op 'n reis deur die handelsreisiger onderneem ter uitvoering van sy pligte, langer as 'n tydperk van ses opeenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is, moet sy werkgewer—

(i) hom alle redelike koste vergoed wat deur hom vir enige maaltye en tee vir homself aangegaan is gedurende sodanige afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie; of

(ii) hom 'n onderhoudstoelae van minstens vyf sjielings vir elke nag betaal as sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek;

met dien verstande dat die uitdrukking „nag" vir die toepassing van hierdie subklousule die tydperk van 11-uur nm. tot 4-uur vm. beteken.

(8) (*a*) Enige toelaes en koste wat ingevolge subklousules (6) (7) aan 'n werknemer betaalbaar is, moet deur 'n werkgewer binne sewe dae na die werknemer se skriftelike eis daarom betaal word; met dien verstande dat 'n werknemer enige sodanige eis binne een maand nadat hy daarop geregtig geword het, moet indien, maar hy mag hoogstens een eis in enige enkele week indien.

(*b*) 'n Werkgewer kan van sy handelsreisiger of versorger-bestellingnemer vereis om enige sodanige eis so op te stel dat dit die volgende weergee:—

(i) Die vervoermiddel wat gebruik is of die aard van enige ander koste waarvoor vergoeding geëis word, ten opsigte van enige eis kragtens subklousule (6) (*a*);

(ii) die mylafstand wat iedere dag afgelê is, die aanryplekke wat die reis nodig gemaak het, en, uitgesonderd in munisipale gebiede, die roete wat gevolg is, ten opsigte van enige eis kragtens subklousule (6) (*b*); en

(iii) die tye waarop elke tydperk van afwesigheid begin en geëindig het, ten opsigte van enige eis kragtens subklousule (7) (*a*);

en 'n handelsreisiger of 'n versorger-bestellingnemer moet, om in staat te wees om aan sodanige vereiste te voldoen, geskikte rekords daarvoor byhou.

4. Betaling van Besoldiging.

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens soos in klousule 3 (8) en 6 (4) bepaal, moet enige bedrag wat aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, verskuldig is, weekliks of maandeliks in kontant betaal word, of, as die werkgewer en die werknemer aldus ooreengekom het, per tjek, gedurende die werkure op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir sodanige werknemer, of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag plaasvind, en dit moet in 'n geslote koevert of houer wees, waarop daar moet verskyn, of wat vergesel moet gaan van 'n staat wat die volgende aangee—

(*a*) die werkgewer se naam;

(*b*) die werknemer se naam en beroep;

(*c*) die getal oortydure gewerk;

(*d*) die werknemer se loon;

(*e*) die werknemer se lewenskostetoelae;

(*f*) die besonderhede van enige aftrekkings gemaak;

(*g*) die werklike bedrag wat aan die werknemer uitbetaal word;

(*h*) die tydperk ten opsigte waarvan die betaling geskied.

(2) *Los werknemers.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan sy los werknemer verskuldig is, by beëindiging van sy diens in kontant betaal.

(3) *Premies.*—Geen betaling, hetsy regstreeks of onregstreeks, mag ten opsigte van die indiensneming of opleiding van 'n werknemer, aan 'n werkgewer gemaak of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie sy werknemer verplig om enige goedere of maaltye van hom of van enige winkel, plek of persoon wat deur hom aangewys word, te koop nie.

(5) *Losies en inwoning.*—Behoudens soos bepaal in die Natuurelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer sy werknemer nie verplig om van hom of van 'n persoon of by 'n plek wat deur hom aangewys word, losies of inwoning of losies en inwoning aan te neem nie.

(*b*) a traveller or a service supply salesman, who is required to provide motor transport for the performance of his duties, his employer shall pay him an inclusive transport allowance of not less than eight pence for each mile traveled in the performance of his duties.

(7) *Subsistence Allowance and Expenses.*—In addition to any remuneration due to—

(*a*) a traveller or a service supply salesman, who, on any journey undertaken in the performance of his duties, is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, his employer shall—

(i) re-imburse him all expenses reasonably incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night; or

(ii) pay him a subsistence allowance of not less than twenty-two shillings and sixpence for each night where such absence extends over one or more nights;

(*b*) a sample boy who, accompanying a traveller on any journey undertaken by the traveller in the performance of his duties, is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, his employer shall—

(i) re-imburse him all expenses reasonably incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night; or

(ii) pay him a subsistence allowance of not less than five shillings for each night where such absence extends over one or more nights;

provided that for the purpose of this sub-clause the expression "night" means the period between 11 o'clock p.m. and 4 o'clock a.m.

(8) (*a*) Any allowances and expenses payable to an employee in terms of sub-clauses (6) and (7) shall be paid by an employer within seven days of the employee's written claim therefor; provided that an employee shall submit any such claim within one month of entitlement but he shall not submit more than one claim in any one week.

(*b*) An employer may require his traveller or service supply salesman to frame any such claim so that it shall reflect—

(i) the mode of travel employed or the nature of any other expense for which re-imbursement is claimed, in respect of any claim in terms of sub-clause (6) (*a*);

(ii) the mileage travelled each day, the points of call necessitating such travelling and, except in municipal arees, the route followed, in respect of any claim in terms of sub-clause (6) (*b*); and

(iii) the times of commencement and ending of each period of absence, in respect of any claim in terms of sub-clause (7) (*a*);

and to enable a traveller or service supply salesman to comply with such a requirement, such traveller or service supply salesman shall maintain a suitable record.

4. Payment of Remuneration.

(1) *Employees, other than Casual Employees.*—Save as provided in clauses 3 (8) and 6 (4) any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid weekly or monthly in cash, or, if the employer and employee have agreed thereto, by cheque, during the hours of work on the usual pay day of the establishment for such employee or on termination of employment if this takes place before the usual pay day, and shall be contained in a closed envelope or container, on which shall be reflected, or which shall be accompanied by a statement showing—

(*a*) the employer's name;

(*b*) the employee's name and occupation;

(*c*) the number of overtime hours worked;

(*d*) the employee's wage;

(*e*) the employee's cost of living allowance;

(*f*) the details of any deductions made;

(*g*) the actual amount paid to the employee, and

(*h*) the period in respect of which payment is made.

(2) *Casual Employees.*—An employer shall pay the remuneration due to his casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods or meals from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of enige aftrekkings van sy werknemer se besoldiging maak nie, uitgesonderd die volgende—

(*a*) met sy werknemer se skriftelike toestemming, 'n aftrekking ten opsigte van vakansie-, siektebystands-, versekerings-, spaar-, voorsorgs-, of pensioenfondse of ledegeld aan 'n vakvereniging;

(*b*) uitgesonderd waar dit in hierdie Vasstelling anders bepaal word, wanneer 'n werknemer, uitgesonderd op las of versoek van sy werkgewer, van sy werk afwesig is, 'n aftrekking in verhouding tot die tydperk van sy afwesigheid, bereken op die basis van die loon wat die werknemer ten opsigte van sy gewone werkure ten tye daarvan ontvang het;

(*c*) 'n aftrekking van enige bedrag wat 'n werkgewer deur enige wet of bevel van enige bevoegde hof verplig of toegelaat word om te maak;

(*d*) as 'n werknemer toestem of verplig word kragtens die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, om losies of inwoning of losies en inwoning of maaltye van sy werkgewer aan te neem, 'n aftrekking van hoogstens die bedrae hieronder gespesifiseer:—

(A) *In die Kommersiële Distribusiebedryf en die Verversingsbedryf.*

	Per week.	*Per maand.*
	s. d.	£ s. d.
(i) Algemene werker, rooster-bediende, deeltydse drywer van 'n motorvoertuig, Naturelle-winkel-bediende, monsterjong, stoorbediende, wag, en 'n werknemer na wie in klousule 3 (1) verwys word as „'n werknemer wat nie elders in hierdie klousule spesifiek genoem is nie"—		
Losies	3 0	0 13 0
Inwoning	2 0	0 8 8
Losies en inwoning	5 0	1 1 8
(ii) Elke ander werknemer—		
Losies	12 11	2 16 0
Inwoning	4 7	1 0 0
Losies en inwoning	17 6	3 16 0

(B) *In die Verversingsbedryf.*

Maaltye.

(i) Algemene werker of roosterbediende, vier pennies vir elke maaltyd wat verskaf word;

(ii) elke ander werknemer, ses pennies vir elke ontbyt en een sjieling vir elke middag- of aandete wat verskaf word;

met dien verstande dat die totale bedrag afgetrek mag word ten opsigte van maaltye wat aan 'n werknemer verskaf word, nie in enige week of maand die bedrag wat vir losies in die geval van 'n werknemer van sy klas afgetrek kan word, mag oorskry nie.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYDURE, EN BETALING VIR OORTYD.

(1) *Gewone werkure.*—'n Werknemer se gewone werkure mag hoogstens die volgende wees:—

(A) *In die Kommersiële Distribusiebedryf.*

(*a*) In die geval van 'n algemene werker of 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik goedere uitstuur, aflewer of ontvang—

(i) agt-en-veertig in enige week; en

(ii) behoudens sub-paragraaf (i) hiervan, vyf-en-half op een dag in enige week en agt-en-half op enige ander dag;

(*b*) in die geval van 'n deeltydse werknemer—

(i) vier-en-twintig in enige week; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, vier op enige dag;

(*c*) in die geval van 'n los werknemer, agt op enige dag, en

(*d*) in die geval van elke ander werknemer—

(i) ses-en-veertig in enige week; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, vyf op een dag in enige week en agt en 'n half op enige ander dag;

met dien verstande dat—

(i) as 'n werknemer na sy gewone werkure op enige dag besig is om 'n klant te bedien, die werkure, in subklousule (*b*), (*c*) en (*d*) genoem, met hoogstens vyftien minute op sodanige dag verleng mag word, mits dié bykomende werktyd in enige week nie altesaam een uur oorskry nie, en ten opsigte van sodanige week moet dit as deel van die gewone werkure van die werknemer beskou word;

(ii) waar 'n laatsluitingsdag by wet toegelaat word, die gewone werkure, in subparagraaf (*d*) (ii) voorgeskryf, met een en 'n half uur oorskry mag word, as die beperking, by subparagraaf (*d*) (i) voorgeskryf, nie by sodanige verlenging oorskry word nie;

(iii) uitgesonderd in 'n bedryfsinrigting wat by wet toegelaat word om op 'n Sondag oop te wees of vir die verrigting van noodwerk, 'n werkgewer nie sy werknemer mag verplig of toelaat om op 'n Sondag te werk nie;

(6) *Deductions.*—An employer may not levy any fines against his employee nor may he make any deductions from his employee's remuneration other than the following:—

(*a*) With the written consent of his employee a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds or subscriptions to a trade union;

(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof;

(*c*) a deduction of any amount which an employer by any law or order of any competent court is required or permitted to make;

(*d*) whenever an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board or lodging or board and lodging or meals with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:—

(A) *In the Commercial Distributive Trade and the Catering Trade.*

	Per Week.	*Per Month.*
	s. d.	£ s. d.
(i) General worker, grill-hand, part-time driver of a motor vehicle, native-store attendant, sample boy, store assistant, watchman and an employee referred to in clause 3 (1) as an "employee not elsewhere in this clause specifically mentioned"—		
Board	3 0	0 13 0
Lodging	2 0	0 8 8
Board and lodging	5 0	1 1 8
(ii) Every other employee—		
Board	12 11	2 16 0
Lodging	4 7	1 0 0
Board and lodging	17 6	3 16 0

(B) *In the Catering Trade.*

Meals.

(i) General worker or grill-hand, four pence for each meal supplied;

(ii) every other employee, sixpence for each breakfast and one shilling for each lunch or dinner supplied;

provided that the total amount which may be deducted in respect of meals supplied to an employee shall not in any week or month exceed the amount which may be deducted for board for an employee of his class.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—The ordinary hours of work of an employee shall not exceed—

(A) *In the Commercial Distributive Trade.*

(*a*) In the case of a general worker or an employee wholly or mainly engaged in the despatch, delivery or receipt of goods—

(i) forty-eight in any week; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, five-and-a-half on one day in any week and eight-and-a-half on any other day;

(*b*) in the case of a part-time employee—

(i) twenty-four in any week; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, four on any day;

(*c*) in the case of a casual employee eight on any day, and

(*d*) in the case of every other employee—

(i) forty-six in any week; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, five on one day in any week and eight-and-a-half on any other day;

provided that—

(i) where an employee at the completion of his ordinary hours of work on any day is engaged in attending to a customer, the hours of work referred to in sub-paragraphs (*b*), (*c*) and (*d*) may be extended by not more than fifteen minutes on such day provided that the additional time so worked in any week does not exceed in the aggregate one hour and shall, in respect of such week, be deemed to be part of the ordinary hours of work of the employee;

(ii) where a late closing day is permitted by law, the ordinary hours of work prescribed in sub-paragraph (*d*) (ii) may be exceeded by one-and-a-half hours, if by such extension the limitation prescribed in sub-paragraph (*d*) (i) is not exceeded;

(iii) except in an establishment which is permitted by law to remain open on a Sunday or for the carrying out of emergency work, an employer shall not require or permit his employee to work on a Sunday;

(B) *In die Verversingsbedryf.*

(*a*) in die geval van 'n algemene werker of 'n roosterbediende—

(i) agt-en-veertig in enige week; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, agt op ses dae in dae in enige week of vyf en 'n half op een dag in enige week en agt en 'n half op die ander dae;

(*b*) in die geval van 'n deeltydse werknemer—

(i) vier-en-twintig in enige week; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, vier op enige dag;

(*c*) in die geval van 'n los werknemer, agt op enige dag, en

(*d*) in die geval van elke ander werknemer—

(i) ses-en-veertig in enige week; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, vyf en 'n sesde op een dag in enige week en agt en 'n sesde op die ander dae;

met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer sy werknemer nie mag verplig of toelaat om meer as ses dae in enige week te werk nie;

(ii) as 'n werknemer aan die einde van sy werkure op enige dag besig is om 'n klant te bedien, die werkure, in subparagrawe (*b*), (*c*) en (*d*) genoem, met hoogstens vyftien minute op sodanige dag verleng mag word, met dien verstande dat die bykomende tyd aldus in enige week gewerk, nie een uur oorskry nie, en ten opsigte van sodanige week dit as 'n deel van die gewone werkure van sodanige werknemer beskou moet word.

(2) *Etensonderbrekings.*—Uitgesonderd op 'n dag waarop die werkure van 'n werknemer nie vyf en 'n half uur oorskry nie, mag 'n werkgewer nie sy werknemer verpl g of toelaat om vir meer as vyf uur aaneen sonder 'n etensonderbreking van minstens een uur te werk nie, waarin sodanige werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie, en sodanige onderbreking mag nie as 'n deel van die gewone werkure van die werknemer beskou word nie; met dien verstande dat—

(i) as 'n werknemer in die verversingsbedryf in diens is, sodanige onderbreking tot minstens 'n halfuur verminder mag word as 'n maaltyd aan die werknemer op die perseel verskaf word;

(ii) as 'n werknemer in die kommersiële distribusiebedryf in diens is—

(*a*) as sodanige onderbreking langer as een en 'n half uur duur, enige tyd wat hierdie tydperk oorskry, as gewone werkure beskou moet word; en

(*b*) werktydperke wat deur onderbrekings van minder as een uur onderbreek word, as aaneenlopend beskou moet word;

(iii) as 'n drywer van 'n motorvoertuig gedurende sodanige onderbreking geen ander werk doen nie as om verantwoordelik vir die voertuig en die vrag, as daar 'n vrag is, te wees en te bly dit vir die toepassing van hierdie subklousule beskou moet word dat hy gedurende sodanige onderbreking nie gewerk het nie.

(3) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet 'n ruspouse van 10 minute so na as doenlik aan die middel van elke oggend- en namiddagwerktydperk aan elkeen van sy werknemers toestaan, en gedurende sodanige pouse mag sodanige werknemer nie verplig of toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse moet as deel van die gewone werkure beskou word.

(4) *Werkure moet opeenvolgend wees.*—Behoudens soos in subklousules (2) en (3) bepaal, moet alle werkure van 'n werknemer in die kommersiële distribusiebedryf op enige dag opeenvolgend wees.

(5) *Werkure-indeling.*—Die gewone werkure, ruspouse, etensonderbrekings en oortyd van 'n werknemer wat in die verversingsbedryf in diens is, moet binne die volgende werkure-indeling plaasvind:—

(*a*) Dertien uur in die geval van 'n roosterbediende of algemene werker;

(*b*) vier en 'n half uur in die geval van 'n deeltydse werknemer, en

(*c*) twaalf uur in die geval van elke ander werknemer; met dien verstande dat een uit elke twee of deel van twee kelners verplig of toegelaat mag word om binne 'n werkure-indeling van dertien uur op hoogstens twee dae in enige week te werk.

(6) *Oortyd.*—Alle tyd wat deur 'n werknemer gewerk word—

(A) *In die Kommersiële Distribusiebedryf*

(i) op enige dag bo die ure in subklousule (1) (A) van hierdie klousule vir 'n werknemer van sy klas voorgeskryf;

(ii) op enige Sondag of openbare vakansiedag; of

(iii) op enige dag bo vyf uur ononderbroke werk op noodwerk; of

(B) *In die Verversingsbedryf*

(i) op enige dag bo die ure in subklousule (1) (B) van hierdie klousule vir 'n werknemer van sy klas voorgeskryf; of

(ii) op enige dag bo vyf uur ononderbroke werk op noodwerk;

moet as oortyd beskou word.

(B) *In the Catering Trade*

(*a*) in the case of a general worker or a grill-hand—

(i) forty-eight in any week; and

(ii) subject to the provisions of sub-paragraph (i) eight on six days in any week or five-and-a-half on one day in any week and eight-and-a-half on the other days;

(*b*) in the case of part-time employee—

(i) twenty-four in any week; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof four on any day;

(*c*) in the case of a casual employee, eight on any day; and

(*d*) in the case of every other employee—

(i) forty-six in any week; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof five and one-sixth on one day in any week and eight and one-sixth on the other days;

provided that—

(i) an employer shall not require or permit his employee to work on more than six days in any week;

(ii) where an employee at the completion of his ordinary hours of work on any day is engaged in attending to a customer, the hours of work referred to in sub-paragraphs (*b*), (*c*) and (*d*) may be extended by not more than fifteen minutes on such day provided that the additional time so worked in any week does not exceed one hour and shall, in respect of such week, be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(2) *Meal Intervals.*—Except on a day on which the hours of work of an employee do not exceed five-and-a-half hours an employer shall not require or permit his employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work of the employee; provided that—

(i) where an employee is employed in the Catering Trade such interval may be reduced to not less than half-an-hour if the employee is supplied with a meal on the premises;

(ii) where an employee is employed in the Commercial Distributive Trade—

(*a*) if such interval be longer than one-and-a-half hours any time in excess thereof shall be deemed to be ordinary hours of work; and

(*b*) periods of work interrupted by intervals of less than one hour shall be deemed to be continuous;

(iii) a driver of a motor vehicle, who during such an interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle and its load, if any, shall for the purposes of this sub-clause be deemed not to have worked during such interval.

(3) *Rest Intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of ten minutes as near as practicable in the middle of each morning and afternoon work period during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work.

(4) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clauses (2) and (3), all hours of work of an employee employed in the Commercial Distributive Trade on any day shall be consecutive.

(5) *Spread-over.*—The ordinary hours of work, rest intervals, meal intervals and overtime of an employee engaged in the Catering Trade shall be completed within the following spread-over—

(*a*) thirteen hours in the case of a grill-hand or general worker;

(*b*) four-and-a-half hours, in the case of a part-time employee; and

(*c*) twelve hours in the case of every other employee; provided that one out of every two or part of two waiters may be required or permitted to work within a spread-over of thirteen hours on not more than two days in any week.

(6) *Overtime.*—All time worked by an employee—

(A) *In the Commercial Distributive Trade*

(i) on any day in excess of the hours prescribed in sub-clause (1) (A) of this clause for an employee of his class;

(ii) on any Sunday or public holiday; or

(iii) on any day in excess of five hours' continuous work on emergency work; or

(B) *In the Catering Trade*

(i) on any day in excess of the hours prescribed in sub-clause (1) (B) of this clause for an employee of his class; or

(ii) on any day in excess of five hours' continuous work on emergency work;

shall be deemed to be overtime.

(7) *Beperking van oortyd.*—'n Werkgewer mag sy werknemer nie verplig of toelaat om langer oortyd te werk nie as—

(*a*) in die geval van 'n algemene werker of 'n werker wat uitsluitlik of hoofsaaklik goedere uitstuur, aflewer of ontvang—

(i) ses uur in enige week;
(ii) drie uur op enige dag;

(*b*) in die geval van elke ander werknemer—

(i) dertig uur in enige jaar;
(ii) ses uur in enige week;
(iii) drie uur op enige dag;

met dien verstande dat—

(i) vir doeleindes van voorraadopname, die beperkings wat in subparagraaf (*b*) (ii) en (iii) voorgeskryf word, ten opsigte van een week in enige jaar oorskry mag word, maar op so 'n wyse dat daar hoogstens agt uur gedurende sodanige week gewerk word, versprei oor hoogstens vier dae in sodanige week; en

(ii) gedurende die tydperk van die eerste tot die vier-en-twintigste Desember die oortydbeperkings, in hierdie subklousule voorgeskryf, met hoogstens vyftien uur oorskry mag word, maar op so 'n wyse dat die daaglikse voorgeskrewe beperkings nie oorskry word nie.

(8) *Besoldiging vir oortyd.*—'n Werkgewer moet ondergenoemdes soos volg besoldig:—

(*a*) (i) sy werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer, 'n deeltydse werknemer of 'n werknemer in die verversingsbedryf) wat op 'n Sondag werk, minstens dubbel die weekloon wat hy ontvang, gedeel deur die gewone weeklikse werkure wat vir sodanige werknemer in subklousule (1) voorgeskryf word;

(ii) sy deeltydse werknemer (uitgesonderd 'n werknemer in die verversingsbedryf) wat op 'n Sondag werk, minstens dubbel die weekloon wat hy ontvang, gedeel deur vier-en-twintig;

(*b*) sy werknemer ten opsigte van enige ander oortyd gewerk—

(i) in die geval van 'n los werknemer, minstens een en 'n derde maal die dagloon wat hy ontvang, gedeel deur agt,

(ii) in die geval van 'n deeltydse werknemer, minstens een en 'n derde maal sy weekloon, gedeel deur vier- en-twintig;

(iii) in die geval van elke ander werknemer, minstens een en 'n derde maal sy weekloon, gedeel deur die gewone weeklikse werkure wat vir sodanige werknemer in subklousule (1) voorgeskryf word;

ten opsigte van elke uur of deel van 'n uur wat hy aldus altesaam in enige week gewerk het; met dien verstande dat—

(i) die minimum besoldiging kragtens paragraaf (*a*) vir werk wat op 'n Sondag gedoen word, op die basis van twee uur se werk bereken moet word;

(ii) vir die toepassing van hierdie subklousule dit beskou moet word dat „loon" enige lewenskostetoelae insluit wat aan 'n werknemer betaalbaar is, maar dat dit nie minder is nie as die toelae wat van tyd tot tyd voorgeskryf word in die regulasies op lewenskostetoelaes opgestel ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, gepubliseer by Proklamasie No. 110 van 1942, soos gewysig, en soos vertolk ooreenkomstig artikel *twee* van die Wet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1948, en paragraaf (*b*) van artikel *twee* van die Wet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1950.

(9) 'n Werkgewer mag nie 'n vroulike werknemer onder die ouderdom van agtien jaar verplig of toelaat om na 6.30 nm. in die kommersiële distribusiebedryf, of na 8 uur nm. in die verversingsbedryf te werk nie.

(10) *Voorbehoude.*—(*a*) Die bepalings van hierdie klousule is nie van toepassing op 'n demonstrateur-verkoper, monsterjong, versorger-bestellingnemer, handelsreisiger of wag nie, of op 'n werknemer wat 'n loon van minstens £45 per maand of £10. 7s. 8d. per week verdien nie.

(*b*) Die bepalings van subklousules (2), (3), (4), (5) en (7) is nie van toepassing op 'n werknemer wat noodwerk doen nie.

(*c*) Die bepalings van subklousule (3) is nie van toepassing op 'n drywer van 'n motorvoertuig of op enige werknemer wat goedere aflewer of help om goedere af te lewer nie.

(*d*) Die derde voorbehoud tot subklousule (1) (A) is nie van toepassing op 'n werknemer wat diere versorg of voer nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, die volgende ten opsigte van elke voltooide tydperk van twaalf maande in sy diens toestaan—

(*a*) in die geval van 'n monsterjong, handelsreisiger en 'n wag—

(i) een-en-twintig opeenvolgende kalenderdae verlof ten opsigte van die eerste voltooide twaalf maande diens, en

(ii) vier-en-twintig opeenvolgende kalenderdae verlof ten opsigte van elke daaropvolgende voltooide twaalf maande diens;

(7) *Limitation of Overtime.*—An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—

(*a*) in the case of a general worker or an employee wholly mainly engaged in the despatch, delivery or receipt of goods—

(i) six hours in any week;
(ii) three hours on any day;

(*b*) in the case of every other employee—

(i) thirty hours in any year;
(ii) six hours in any week;
(iii) three hours on any day;

provided that—

(i) for the purposes of stock-taking the limitations prescribed in sub-paragraph (*b*) (ii) and (iii) may in respect of one week in any year be exceeded but so that not more than eight hours are worked during such week distributed over not more than four days in such week; and

(ii) during the period 1st to 24th of December the limitations of overtime prescribed in this sub-clause may be exceeded by not more than a total of fifteen hours but so that the daily limitations prescribed are not exceeded.

(8) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay—

(*a*) (i) his employee (other than a casual employee, a part-time employee or an employee employed in the Catering Trade) who works on a Sunday, not less than twice the weekly wage he is receiving divided by the weekly ordinary hours of work prescribed for such an employee in sub-clause (1);

(ii) his part-time employee (other than an employee in the Catering Trade) who works on a Sunday not less than twice the weekly wage he is receiving divided by twenty-four;

(*b*) his employee in respect of any other overtime worked—

(i) in the case of a casual employee, not less than one and one-third times the daily wage he is receiving divided by eight;

(ii) in the case of a part-time employee, not less than one and one-third times his weekly wage divided by twenty-four;

(iii) in the case of every other employee not less than one and one-third times his weekly wage divided by the weekly ordinary hours of work prescribed in sub-clause (1) for such an employee;

in respect of each hour or part of an hour so worked in the aggregate in any week; provided that—

(i) the minimum payment in terms of paragraph (*a*) for work performed on a Sunday shall be calculated on the basis of two hours' work;

(ii) for the purpose of this sub-clause "wage" shall be deemed to include any cost of living allowance payable to an employee but not being less than that allowance prescribed from time to time in the Cost of Living Regulations framed under War Measure No. 43 of 1942, published under Proclamation No. 110 of 1942, as amended, and as construed in terms of section *two* of the War Measures Continuation Act, 1948, and paragraph (*b*) of section *two* of the War Measures Continuation Act, 1950.

(9) An employer shall not require or permit a female employee under the age of eighteen years to work after 6.30 o'clock p.m. in the Commercial Distributive Trade or after 8 o'clock p.m. in the Catering Trade.

(10) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a demonstrator-salesman, sample boy, service supply salesman, traveller or a watchman or to an employee who is earning a wage of not less than forty-five pounds per month or £10. 7s. 8d. per week.

(*b*) The provisions of sub-clauses (2), (3), (4), (5) and (7) shall not apply to an employee engaged on emergency work.

(*c*) The provisions of sub-clause (3) shall not apply to a driver of a motor vehicle or to any employee engaged in the delivery or assisting in the delivery of goods.

(*d*) The third proviso to sub-clause (1) (A) shall not apply to an employee engaged in tending or feeding animals.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of twelve months' employment with him—

(*a*) in the case of a sample boy, traveller and a watchman—

(i) twenty-one consecutive calendar days' leave in respect of the first completed twelve months' employment; and

(ii) twenty-four consecutive calendar days' leave in respect of each succeeding completed twelve months' employment;

(*b*) in die geval van elke ander werknemer—

(i) agtien opeenvolgende kalenderdae verlof ten opsigte van die eerste voltooide twaalf maande diens; en

(ii) een-en-twintig opeenvolgende kalenderdae verlof ten opsigte van elke daaropvolgende voltooide twaalf maande diens;

en sodanige werknemer soos volg besoldig:—

(i) In die geval van 'n werknemer in paragrawe (*a*) (i) en (*b*) (ii) genoem, minstens driemaal die weekloon wat hy ontvang het op die dag waarop die verlof opgeloop het;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) (ii) genoem, minstens drie en 'n half maal die weekloon wat hy ontvang het op die dag waarop die verlof opgeloop het;

(iii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) (i) genoem, minstens twee en 'n half maal die weekloon wat hy ontvang het op die dag waarop die verlof opgeloop het;

met dien verstande dat die weekloon van enige werknemer wat op enige basis werk waarvoor voorsiening in klousule 9 gemaak is vir die toepassing van hierdie klousule beskou moet word as die totale besoldiging wat aan hom kragtens klousule 9 betaalbaar is vir die twaalf maande wat die datum waarop sy verlof verskuldig geword het onmiddellik voorafgegaan het, gedeel deur twee-en-vyftig of, as hy minder as twaalf maande van sodanige diens gehad het, dan die totale besoldiging wat aldus gedurende sodanige diens gehad het, dan die totale besoldiging wat aldus gedurende sodanige dienstyd aan hom betaalbaar was, gedeel deur die getal weke in sodanige tydperk.

(2) Die verlof genoem in subklousule (1) moet toegestaan word op 'n tyd wat deur die werkgewer vasgestel word; met dien verstande dat—

(i) as sodanige verlof nie vroeër toegestaan is nie, dit toegestaan moet word om binne twee maande na die voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het, te begin; of, as die werkgewer en die werknemer daaroor ooreengekom het, die tydperk waarin sodanige verlof toegestaan moet word, verlang kan word tot 'n tydperk van hoogstens ses maande, bereken van die voltooiing van die twaalf maande diens af waarop die verlof betrekking het;

(ii) die verloftyd nie mag saamval met siekteverlof toegestaan kragtens klousule 7 nie, of, tensy 'n werknemer skriftelik andersins aansoek doen en die werkgewer toestem, met enige opleidingstyd wat die werknemer ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, moet meemaak nie;

(iii) as 'n openbare vakansiedag binne die tydperk van sodanige verlof val, nog 'n werkdag vir elke sodanige vakansiedag by die genoemde tydperk as 'n bekomende tydperk van verlof gevoeg en die werknemer vir elke sodanige dag wat bygevoeg word, sy dagloon betaal moet word;

(iv) 'n werkgewer van sodanige verloftyd enige dae geleentheidsverlof kan aftrek wat op sy werknemer se skriftelike versoek met volle besoldiging aan hom toegestaan is gedurende die twaalf maande diens waarop die tydperk van jaarlikse verlof betrekking het;

(v) as 'n werkgewer van sy werknemer eis dat hy verlof moet neem voor die voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het, die werkgewer die werknemer die volle verloftyd wat ten opsigte van 'n tydperk van twaalf maande diens kan oploop, moet toestaan, en, met behoorlike inagneming van die ophoping van enige verhogings ingevolge klousule 3 (1), sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof moet besoldig teen 'n skaal van minstens die loonskaal wat aan sodanige werknemer betaalbaar sou wees op die datum waarop die verlof sou verskuldig wees; met dien verstande dat, as 'n werknemer se diens beëindig word voor die afloop van die twaalf maande ten opsigte waarvan verlof kragtens hierdie voorbehoud toegestaan is, die werkgewer die verskil tussen die bedrag wat ingevolge hiervan aan die werknemer betaal is en die bedrag waarop hy by diensbeëindiging ingevolge subklousule (5) geregtig sou gewees het as die verlof nie aan hom toegestaan was nie, kan aftrek van enige besoldiging wat die werknemer by die diensbeëindiging toekom.

(3) Op die skriftelike versoek van 'n werknemer (uitgesonderd 'n versteller, klerklike werknemer, toonbankklerk, verkoopsklerk of 'n kelner) vir wie 'n loon van minder as £2. 5s. per week ingevolge klousule 3 (1) voorgeskryf is, kan 'n werkgewer, in plaas van de verlof toe te staan wat in subklousule (1) voorgeskryf is, sodanige werknemer minstens die bedrag betaal wat die werkgewer sou moes betaal het ten opsigte van sodanige verlof as die verlof toegestaan was; met dien verstande dat betaling in plaas van verlof nie meer dikwels as eenmaal in elke twee opeenvolgende tydperke van twaalf maande diens toegelaat word nie.

(4) *Verlofbesoldiging.*—Die besoldiging ten opsigte van die jaarlikse verlof, in subklousule (1) voorgeskryf, moet op of voor die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word; of, op die skriftelike versoek van 'n werknemer, op of voor die eerste betaaldag vir sodanige werknemer na afloop van die verlof.

(5) 'n Werknemer wie se dienskontrak in die loop van enige tydperk van twaalf maande diens eindig voordat die verloftyd, in subklousule (1) ten opsigte van daardie tydperk voorgeskryf, opgeloop het, moet by sodanige beëindiging en benewens enige ander

(*b*) in the case of every other employee—

(i) eighteen consecutive calendar days' leave in respect of the first completed twelve months' employment; and

(ii) twenty-one consecutive calendar days' leave in respect of each succeeding completed twelve months' employment;

and shall pay to such employee—

(i) in the case of an employee mentioned in paragraphs (*a*) (i) and (*b*) (ii), not less than three times the weekly wage which he was receiving on the day on which the leave accrued;

(ii) in the case of an employee mentioned in paragraph (*a*) (ii), not less than three-and-a-half times the weekly wage which he was receiving on the day on which the leave accrued;

(iii) in the case of an employee mentioned in paragraph (*b*) (i), not less than two-and-a-half times the weekly wage which he was receiving on the day on which the leave accrued;

provided that for the purpose of this clause the weekly wage of any employee who is engaged on any basis provided for in clause 9 shall be deemed to be the total remuneration payable to him in terms of clause 9 for the twelve months immediately preceding the date of the accrual of his leave divided by fifty-two or if he has had less than twelve months of such employment then the total remuneration so payable to him during his period of such employment divided by the number of weeks in such period.

(2) The leave referred to in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer; provided that—

(i) if such leave had not been granted earlier it shall be granted so as to commence within two months after the completion of the twelve months of employment to which it relates, or, if the employer and his employee have agreed thereto, the period within which such leave must be granted may be increased to a period not exceeding six months reckoned from the completion of the twelve months of employment to which the leave relates;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless an employee in writing requests and the employer agrees otherwise, with any period of training which the employee is required to undergo under the South Africa Defence Act, 1912;

